PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM
OUDSKOLIERE-UNIE | OLD BOYS' UNION

021 883-8627 | 021 887-0017 | Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa | oldboys@paulroos.co.za

**‘n Geskenk aan u seun - Old Boys Lidmaatskap**

Geagte graad 12-ouer

U seun se skoolloopbaan staan einde se kant toe, maar sy verbintenis met Paul Roos Gimnasium eindig nie hier nie.

**Waarom sou u seun as 'n opbetaalde OSU-lid wou aansluit?**
Die afgelope paar jaar het die OSU die skool finansieel in verskillende projekte bygestaan.
Ledefooie het bygedra tot:

- Opgradering van die vorige biblioteek na 'n derde IT-klaskamer.
- Opgradering van die vierkantarea van die LPR-gebou.
- Opgradering van die metaalwerkklaskamer na die J. F. Marais-mediasentrum
- Aankope van vaste eiendom vir bekostigbare verhuring aan ‘n PRG-personeellid.

**Wat gaan u seun in ruil vir sy ledegeld ontvang?**
Lewenslidmaatskap (R2 500 eenmalig):

- Ledekaart, vir gratis toegang tot Markötter tydens PRG-rugbywedstryde.
- OSU-das
- OSU-sertifikaat
- Lewenslede geniet korting by:
  - Werners Vleismark – Strand
  - Bossa – Stellenbosch
  - Spitbraai King - Strand & Durbanville
  - Casa Cerveza – Stellenbosch
  - Semper-wynklub (aanlyn) https://semper-wine-club.obtainwine.com/

Drie jaar lidmaatskap R750 (2022 - 2024):

- Ledekaart, vir gratis toegang tot Markötter tydens PRG-rugbywedstryde vir 2022; 2023 & 2024.

Een jaar lidmaatskap (R300 / jaar):

- Ledekaart, vir gratis toegang tot Markötter tydens PRG-rugbywedstryde vir 2022.

Hoe help die Oudskoliere-unie ons Old Boys?

- **Polla-netwerk:** Polla-streke regoor Suid-Afrika en internasionaal. Kwartaallikse Polla-byeenkomste (gereël deur die OSU) waar Old Boys netwerk om nuwe kontakte vir persoonlike en besigheidsdoeleindes te vestig. Die ideale platform om u onderneming en werkverwante vakatures of geleenthede te adverteer. Wanneer u na ‘n ander provinsie of land verhuis, is dit die ideale manier om vriende te maak en goeie advies rakende die nuwe omgewing te kry. Old Boys vir Old Boys.

- **Reünies:** Die organiseer van reünies is 'n belangrike funksie van die OSU. Reünies word goed bygewoon tydens die amptelike reünie-naweek, rondom middel Mei, wanneer ons teen een van die Paarl se skole (Boys' High of Paarl Gimnasium) meeding. Old Boys reis van oor die hele wêreld om weer hul ou skoolvriende te sien. 'n Paar jaargroepe hou elke vyf jaar reünie, maar in die meeste gevalle vind reünies elke tien jaar plaas.

- **Massa-reünie | Old Boys Dinee | Algemene Jaarvergadering:** Hierdie geselligheid is die hoogtepunt op die OSU-kalender wat normaalweg tydens die amptelike reünie-naweek gehou word. Ons is trots op soveel Old Boys wat met goeie herinnering terugkeer na hulle alma mater, die ideale geleentheid vir 'n terugblik na sorglose jare. Massa-reünies vind ook plaas in Johannesburg, vir Old Boys wat in Gauteng woon, en in Londen, vir die Britse Old Boys in die Verenigde Koninkryk asook in Amsterdam vir ons Old Boys in Europa. Dinees in die Verenigde State, Kanada, Australië en Verre Ooste word binnekort tot stand gebring.

- **Kommunikasie:** Die OSU kommunikeer gereeld per e-pos of per Telegram (die toep) met alle Old Boys, mits die nodige kontakbesonderhede op datum is. Afgesien van die kwartaallikse OBU-nuusblog, stuur ons 'n meer gereelde e-pos om die Old Boys oor algemene sake ingelig te hou. Elke Old Boy het 'n profiel met kontakbesonderhede op die AlumNet-aanlyndatabasis. Dit is uiters belangrik om besonderhede by te werk om sodoende op hoogte te bly van reünies, dinees, sportdae en ander geselligheede.

**The OSU wil graag u seun se profiel op die databasis bywerk. Help ons deur onderstaande te voltooi (ongeag of u seun as 'n betaalde lid aansluit) met u seun se besonderhede OF klik hier om die Google-vorm aanlyn te voltooi.**

**Volle name:** _____

**Noemnaam:** _____ **Van:** _____

**Geboortedatum:** _____ **E-posadres:** _____

**Selnr:** _____ **Adres:** _____

_____ **Stokperdjies:** _____

**Old Boys verwant aan jou :** _____

_____

**Lidmaatskap-opsies:**

**1.** Lewenslidmaatskap R2 500 eenmalige betaling: **JA | NEE**

**2.** Drie jaar lidmaatskap R750 (2022 – 2024): **JA | NEE**

**3.** Een jaar lidmaatskap R300 (2022): **JA | NEE**

**Bankbesonderhede:**
PRG Oudskoliere-unie – Nedbank Lopende reknr: 1498046266 | Takkode: 149821
Baie belangrik: Verwysingsnr: Voorletters + Van + 2021 – bv. PRoos2021
Epos asb. die betalingsbewys aan: oldboys@paulroos.co.za | Elza van der Walt
**U seun sal op 29 September sy lidmaatskapspakket en 'n klein verrassingsgeskenk ontvang wanneer die OBU die graad 12's as nuutste Old Boys verwelkom.**

**Alle voorspoed met u seun se oorblywende paar maande op die skoolbanke.**
Vriendelike groete
**Gustav Potgieter**
Voorsitter: **Oudskoliere-unie**
021 883-8627 | oldboys@paulroos.co.za